



# Hoofstuk van die dag: Johannes 12

> *Daar was ook ’n aantal Grieke onder die mense wat fees toe gekom het om te aanbid. (vers 20)*

Aan die einde van Jesus se openbare optrede kom daar Grieke, nie Griekssprekende Jode nie, maar nie-Jode, en vra om Jesus

te sien. G’n wonder nie dat die Fariseërs in vers 19 kla: “Die hele wêreld gaan agter hom aan!” Hiermee lig Johannes die feit vir ons uit dat Jesus gekom het vir die hele wêreld.
Die Here kyk darem maar anders as ons na die wêreld. Hy kyk nie soos ons met oogklappe na mense nie. Ek onthou nog, in my eerste gemeente, hoe een ouderling, elke keer as daar uit die swart kerk ’n versoek om hulp op die agenda was, gesê het nee, ons help nie, want dis nie ons eie mense nie. Ons sal nie meer vandag so iets sê nie, of sal ons? Die punt is: ons wil graag ons hulp, ons aandag, ons omgee, beperk tot sekere mense en groepe.
Gelukkig is God nie so nie. Niks minder nie as die hele wêreld, elkeen wat glo, is in sy oog. “So lief het God *die wêreld* gehad” (Joh 3:16). “’n Lig vir *die nasies*,” sê Jesaja 49:6. Dít is God se agenda.

## Onlangse Bydraes


- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob


## Argief


Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026